Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Gafieza Ismail
Direktoraat: e-Leer
Gafieza.Ismail@westerncape.gov.za | 021 467 2592

Lêerno.: 24/3/1/2
Verwysing: 20240304-2130

e-Leer-minuut: 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Opvoeders van alle openbare skole

Onderwerp: Bygewerkte riglyne oor selfone en ander mobiele tegnologie in openbare skole

1. Weens digitale leer en onderrig wat steeds toeneem, is die doel van hierdie minuut om openbare skole in kennis te stel van die bygewerkte riglyne oor die gebruik van selfone en ander mobiele tegnologie in skole.

2. Hierdie riglyndokument ondersteun die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se e-Leer-doelwitte en kuberwelstandsopvoeding om skole te help om hul eie beleid oor die gebruik van selfone en mobiele toestelle te formuleer en te implementeer **(Sien Bylae A: Riglyne)**.

3. Hierdie bygewerkte riglyn verwys na die riglyne wat voorheen gepubliseer is via e-Leer-minuut 0005/2018, gedateer 09 Mei 2018, en e-Leer-minuut 0002/2021, gedateer 19 Mei 2021. Die vorige weergawes kan afgelaai word deur die volgende skakel te gebruik:

https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning-guidelines-and-workbooks	
Kort URL: https://bit.ly/wced_guidelines	**QR-kode:**

4. Die riglyndokument bied die volgende leiding aan skole:

4.1 Skep insig en bewustheid oor van die geleenthede wat selfone en mobiele tegnologie binne die leeromgewing van die skool aan opvoeders, leerders en ouers bied.

4.2 Belig die potensiële voordele en risiko's wat met die implementering en gebruik van mobiele tegnologie binne die skoolomgewing geassosieer word.

4.3 Versterk die trefwydte van leer en toeganklikheid, wat met die gebruik van selfone en mobiele tegnologie in die leeromgewing gepaardgaan.

4.4 Help openbare skole om hul eie beleide te ontwikkel ten einde die gebruik van selfone en mobiele tegnologie in skole te bestuur.

4.5 Beklemtoon kuberveiligheidsrisiko's en moontlike mitigasie.

4.6 Gee duidelikheid oor die rolle en verantwoordelikhede van die skool, opvoeders en leerders wanneer hulle mobiele tegnologie in die skoolomgewing gebruik.

5. Kontak asseblief u e-Leer-distriksadviseur via die volgende skakel indien u enige navrae het: https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning/elearning-contact-your-elearning-advisor

6. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2024-03-08